VIND

# VRYHEID

KONNEKGROEP REEKS

EVERY NATION FAITH CITY

EVERY NATION
FAITH CITY

# INHOUDS-OPGAWE


3 **Inhoudsopgawe**

4 **Inleiding tot Vind Vryheid**

6 **Sessie 1:** Die 2 Bome

9 **Sessie 2.1** Heerskappy

11 **Sessie 2.2** Mammon

13 **Sessie 3:** Verwerping

15 **Sessie 4:** Reinheid

17 **Sessie 5:** Skaamte

19 **Sessie 6:** Genesing vir 'n gebroke hart

21 **Sessie 7:** Vrees

23 **Sessie 8:** Swaarmoedigheid en Depressie

# INLEIDING TOT VIND VRYHEID

This handout includes a list of Scriptures and a Declaration based on Scripture. Read the Scripture and then apply:

**HEAD - HEART - HANDS**




**HEAD**: **What did you learn?**

What information did you receive from this scripture? This is to gain understanding of the word. You can examine the context of the scripture verse and other similar passages of the scripture.




**HEART**: **What is the Holy Spirit saying to you?**

What is Holy Spirit revealing to you from this scripture? Information from the word needs to move from our heads to our hearts. What is the Holy Spirit saying to you personally and how does it make you feel?




**HAND**: **What can you do with this info and revelation shared by the Holy Spirit?**

We are not to be hearers of the word only, but doers: how can you personally respond to the word and apply it in your life? We commonly find 3 kinds of scripture: a promise to be claimed, a principle to apply, or a truth that we need to embrace.

The first session is foundational for the series. Make sure to refer back to it and apply the principles learnt in it in the subsequent sessions. We would like to encourage you to listen to the explanation sermon on the Two Trees found on the following link as background and preparation:

https://bit.ly/FindFreedomTwoTrees

Remember that our pastoral team is available to support you. You are welcome to contact them for guidance.

# SESSIE 1
# DIE TWEE BOME.

Ons vertrou dat hierdie reeks jou sal help om in vryheid te lewe in 10 spesifieke areas. Ons gaan elke week een of twee van die areas bespreek Hierdie sessie is die fondasie waarop die res van die reeks gebou is. Ons sal ontdek hoe om op God se manier deur te breek in 'n lewe van vrede in, wat nie afhanklik is van ons eie krag en prestasie nie.

## LEES GENESIS 2:9

*En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.*

Die tweede storie in die Bybel beskryf twee bome in die tuin van Eden: die Boom van kennis van goed en kwaad en die Boom van die lewe. Dit word die tweede storie genoem want ons hele Christelike lewe word gefilter deur die denkwyses wat hierdie bome voorstel. God het aan Adam en Eva keuse gegee tussen hierdie twee bome. Ons moet ook kies deur watter van die twee filters ons gaan lewe. Die boom van kennis van goed en kwaad sê: "Jy moet meer doen om by God uit te kom.". Dit hou ons vasgekeer in ons pogings om God se goedkeuring te verdien. Die boom van lewe sê: "Neem in ontvangs dat Jesus alreeds lief is vir jou." Boom van kennis van goed en kwaad denke veroorsaak dat ons gehoorsaam uit gedienstigheid eerder as vreugde soos wat veroorsaak word deur Boom van die lewe denke.

God se begeerte vir ons was nooit 'n lewe waar ons agter dooie godsdienstigheid aanhardloop nie. Sy hart vir ons is dat ons Hom persoonlik sal ken deur die boom van lewe en uiteindelik dat ons ons ware identiteit as kinders van God sal ontdek sodat ons die liefde en krag van 'n Bybelse gemeenskap kan ervaar. Nes Adam en Eva moet ons ook kies.

*God's desire for us was never the life of pursuing dead religion. His heart for us is that we would know Him personally through the Tree of Life and ultimately know our true identity as children of the King, so we can experience the love and strength of biblical community.*

## BESPREEK

- Het jy besef dat hierdie twee bome in die tuin van Eden was aan die begin van ons byeenkoms?
- Wat is jou ervaring van die konflik tussen godsdienstigheid en verhouding?

## LEES JOHANNES 1:12-13

*Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.*

## BESPREEK

- Wat is vereistes om 'n kind van God te word?
- Wat word verwag van 'n kind van God sodat hulle in verhouding met God die Vader kan leef?

**Vanuit die onderstaande skrifgedeeltes, hoe moet ons reageer op God en wat kan jy prakties doen om hierdie verse toe te pas?**

## 1 JOHANNES 4:19

*Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.*

## KOLOSSENSE 3:23

*En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.*

## JOHANNES 14:15

*As julle My liefhet, bewaar my gebooie.*

## SPREUKE 4:23

*Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.*

# SESSIE 2.1
# HEERSKAPPY

HEERSKAPPY

2.1

KOP — Wat het jy geleer?

HART — Wat hoor jy by die Heilige Gees?

HAND — Wat kan jy doen met die openbaring wat jy by Heilige Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

1 Johannes 3:16
Galasiërs 2:20
Efesiërs 2:8-9
Kolossense 2:13-15
Deuteronomium 4:24
2 Timoteus 2:21
Lukas 22:42
Jakobus 4:10
1 Petrus 5:5-7
2 Korintiërs 12:9
1 Petrus 5:6
Filippense 2:5-7
Matteus 20:28

## VERKLARING

Ek roep uit en verklaar
hierdie is MY DAG
om my lewe neer te lê.
Dit is nie meer ek wat leef nie,
maar Christus wat in my leef.
Ek het niks gedoen –
absoluut niks -
om my redding te verdien nie.
Jesus, U het die prys betaal
sodat ek in vryheid kan leef.
Here, verbrand my trots
en verteer my sondes.
U is my Meester.
Nie my wil nie,
maar laat U wil geskied!
God het trots weerstaan,
daarom weerstaan ek trots.
Ek omhels nederigheid
en dra dit soos 'n bokleed.
Ek kies NEDERIGHEID.
Sy krag kom juis tot volle werking
wanneer ek swak is.
Ek roem oor my swakhede,
sodat Sy krag my beskutting kan wees.
Ek verneder myself onder die kragtige
hand van God.
Hy sal my verhoog
wanneer en soos Hy kies.
Ek ledig myself.
Ek is 'n slaaf van God
en 'n dienaar vir mense.
Vader, in Jesus naam, neem my lewe!
Amen

# SESSIE 2.2
# MAMMON

MAMMON

2.2

KOP

Wat het jy geleer?

HART

Wat hoor jy by die Heilige Gees?

HAND

Wat kan jy doen met die openbaring wat jy by Heilige Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

Matteus 6:24
Lukas 4:5-8
Lukas 12:22-33
1 Kronieke 29:11
Filippense 4:9
Deuteronomium 8:17-18
1 Timoteus 6:17
Deuteronomium 28:1-14
Lukas 12:15
Filippense 2:3
Jakobus 3:16
1 Timotius 6:10
Hebreërs 13:5
Filippense 4:11-13
Psalm 102:25-27
Genesis 22:14
1 Korintiërs 15:28

Ek is afkomstig van God,
en die duiwel het geen mag oor my nie.
Ek sal nie twee gode dien nie.
Ek sal nie beide God en Mammon dien nie.
Ek sal God aanbid en hom alleenlik dien.
Net soos my Hemelse Vader vir die voëls in
die hemel sorg, net so sal Hy ook vir my sorg.
Net soos wat Hy die lelies van die veld kleë,
net so sal Hy ook vir my voorsien.
As ek allereers sy koninkryk en regverdigheid
soek, sal al hierdie dinge
vir my bygevoeg word.
Alles in die hemel en op aarde
behoort aan God.
Hy is die Heerser oor alles
en voorsien in AL my behoeftes.
God skenk aan my die vermoë
om rykdom te bekom.
Hy voorsien ryklik vir my genot daarvan.
Danksy God se bevel
en my gehoorsaamheid is ek geseënd.
Ek is geseënd in die stad.
Ek is geseënd in landelike gebiede.
My kinders is geseënd.
My besigheid is geseënd.
Ek is geseënd wanneer ek inkom.
Ek is geseënd wanneer ek uitgaan.
Ek is die kop en nie die stert nie.
Ek is bo en nie onder nie.
Die Here seën alles
waaraan ek my hand slaan.
Ek sweer alle geldgierigheid, selfsugtigheid en
selfsugtige ambisie, alle vorme van roem en
afgunstigheid af.
Here, suiwer my moetiewe en my hart.
Ek verbind myself daartoe
om vry te bly van die liefde vir geld.
Ek is tevrede met wat ek het,
in alle omstandighede.
My aardse besittings sal vergaan,
maar God bly vir ewig staan.
Hy is my alles! Amen

# SESSIE 3
# VERWERPING

VERWERPING

3

KOP

Wat het jy geleer?

HART

Wat hoor jy by die Heilige Gees?

HAND

Wat kan jy doen met die openbaring wat jy by Heilige Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

Efesiërs 1:3
Romeine 8:31
Jesaja 41:9
Johannes 3:16
Johannes 15:16
Jesaja 49:25
Deuteronomium 28:7
Efesiërs 1:4
Efesiërs 1:7
Efesiërs 1:17
Efesiërs 1:11
Efesiërs 2:6
Efesiërs 2:10
Psalm 139:14
2 Korintiërs 5:17
Efesiërs 3:17
Romeine 8:37
Openbaring 12:11
1 Petrus 2:21
Johannes 8:38

## VERKLARING

Ek is geseën met al die seëninge van die
Gees wat daar in die hemel is.
Ek is deur God uitverkies.
Hy het my nie verwerp nie!
Hy het my so lief,
dat hy sy enigste Seun
gegee het in my plek.
Hy het my uitverkies
en my aangestel om goeie vrug te dra.
Hy beharatig my saak
teen dié wat my aankla.
Die gees van verwerping
kom na my vanuit een rigting,
maar vlug in sewe ander rigtings.
Ek is heilig en vlekkeloos.
Ek is verlos deur die bloed van Jesus.
Ek is gevul met die gees
van wysheid en openbaring.
Ek is 'n erfgenaam van die hemel.
Ek sit in hemelse plekke.
Ek is 'n produk van God se
vakmanskap en handewerk.
Ek is op 'n wonderbaarlike wyse geskep.
Ek is 'n nuwe skepping.
Ek is 'n burger van die hemel.
Ek is gegrond en gevestig in liefde.
Ek is meer as 'n oorwinnaar.
Ek is genees. Ek is vry!
Here, ALLES wat u sê oor my
is die waarheid! Amen!

# SESSIE 4
# REINHEID

REINHEID

4

KOP

Wat het
jy geleer?

HART

Wat hoor jy by
die Heilige Gees?

HAND

Wat kan jy doen
met die openbaring
wat jy by Heilige
Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

Galasiërs 2:20
Efesiërs 2:2-6
1 Korintiërs 6:19-20
Matteus 26:41
1 Korintiërs 10:13
2 Timotius 2:22
Jakobus 4:7
1 Korintiërs 2:16
Psalm 101:3
2 Korintiërs 10:5
Filippense 4:8
1 Petrus 5:8
2 Samuel 22:33
1 Johannes 4:4
Efesiërs 6:13
2 Korintiërs 5:17
Romeine 8:1
Galasiërs 5:1
Hebreërs 9:14
Psalm 24:3-4
Matteus 5:8
Psalm 73:25
Eksodus 33:18

## VERKLARING

Ek is gekruisig saam met Jesus Christus.
Ek sal nooit die begeerlikheid
van die vlees volbring nie.
Ek wandel deur die Gees.
My liggaam mag swak wees,
maar my gees is gewillig.
Daar is geen versoeking
groter as wat ek kan weerstaan nie.
God gee altyd die uitweg.
Ek vlug voor die begeerlikhede
van die jonkheid.
Ek weerstaan die duiwel,
en hy sal van my af wegvlug.
Ek beskik oor die wysheid van God.
Niks wat sleg is, wil ek nastreef nie.
Ek neem elke gedagte gevange.
Ek rig my gedagtes op alles wat waar is,
edel is, reg is, en rein is.
Ek is nugter en waaksaam.
Gereed vir die stryd.
God omgord my met krag
en maak my pad voorspoedig.
Hy wat in my is,
is groter as die een wat in die wêreld is.
In die dag van onheil, sal ek weerstand bied.
Ek is 'n nuwe skepping.
Geen veroordeling meer nie:
Jesus Christus het my vrygemaak
en deur sy bloed
is my hande skoon gewas,
my gewete is skoon,
my hart is rein,
en 'n rein hart sal Sy aangesig sien.
Here, ek wil u aangesig sien!
Ek het slegs een begeerte –
U teenwoordigheid in my lewe.
Wys my u heerlikheid! Amen.

# SESSIE 5
# SKAAMTE

5 SKAAMTE

KOP — Wat het jy geleer?

HART — Wat hoor jy by die Heilige Gees?

HAND — Wat kan jy doen met die openbaring wat jy by Heilige Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

Efesiërs 1:4-7
Efesiërs 5:25-26
1 Johannes 1:9
Hebreërs 10:22
Psalm 32:1-6
Psalm 40:1-2
Hebreërs 8:12
Jesaja 43:25
Psalm 103:12
Psalm 103:11
Johannes 8:10-11
Openbaring 12:10
Johannes 8:44
Genesis 3:7
Jesaja 61:10
Kolossense 1:13-14
Psalm 34:5
Jesaja 61:7
Psalm 71:1
Johannes 8:36

## VERKLARING

God het my gekies
reeds voordat hy hemel en aarde geskape het,
om heilig en vlekkeloos te leef in Sy aangesig.
Jesus Christus, die Regverdige, het my gered.
Die bloed van Jesus was my sonde weg.
Die bloed van Jesus suiwer my hart.
Die bloed van Jesus reinig my gewete.
Die bloed van Jesus skenk my 'n nuwe begin.
Hy het my uitgetrek uit die slymerige modder,
my op 'n rots laat staan
en my weer op vaste grond laat loop.
Ek is vergewe –
Hy dink nie meer aan my sondes nie.
Ek is vergewe –
Hy het my oortredinge uitgedelg.
Sover as die ooste van die weste –
is my sondes van my vewyder.
So hoog soos die hemel van die aarde –
so groot is Sy liefde vir my.
Ek veroordeel myself nie meer nie.
Ek maak die aanklaer stil.
Satan is die vader van leuens.
Deur die krag van die bloed –
skeur ek die sluier van skaamte middeldeur.
Here, neem hierdie waardelose vyeblare –
en klee my in U geregtigheid.
Ek hardloop vanaf die duister na die lig.
My gesig gloei en is onbeskaamd.
In plaas van skaamte,
sal ek DUBBELE EER ontvang!
Ek sal NOOIT
weer met skaamte vervul word nie!
Wie vrygekoop is deur die Seun –
is inderdaad vry! Amen

# SESSIE 6
# GENESING VIR 'N GEBROKE HART

# 6 GENESING VIR 'N GEBROKE HART

KOP — Wat het jy geleer?

HART — Wat hoor jy by die Heilige Gees?

HAND — Wat kan jy doen met die openbaring wat jy by Heilige Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

Psalms 139:1
Psalms 139:5
Psalms 91:1
Psalms 147:3
Eksodus 15:26
Genesis 50:20
Psalms 34:18
Psalms 145:18
Psalms 18:6
Psalms 116:2
Lukas 10:19
Matteus 5:44
1 Petrus 2:21-24
Filippense 3:13-14
Hebreërs 12:15
Galasiërs 3:13
Jeremia 29:11
Joël 2:25
Psalm 55:22
2 Korintiërs 5:17
Psalms 34:18
Psalms 116:2

God sien dwarsdeur my, Hy het my lief.
Die Here se Gees is met my.
Hy omsluit my van alle kante en beskerm my,
Hy genees my gebroke hart.
Ek ontvang vandag Sy genesing.
Dit wat die duiwel wou gebruik om my kwaad
aan te doen, het God gebruik vir goed.
Ek beskik oor die mag
om alle magte van Satan te oorwin.
Alhoewel mense my seergemaak het,
is ek nie 'n slagoffer nie.
Ek spreek dié vry wat my seergemaak het.
Ek verklaar 'n seën oor al my vyande.
Ek lê hulle neer aan die voete
van die regverdige Regter.
Ek kies om die verlede te vergeet en agter te laat.
Ek ontwortel alle vorme van verbitterdheid
en verbrand dit in die vuur!
Christus het ons losgekoop
van die vloek van alle vorme van misbruik.
Ek verwerp alle woede, enige wrokke en haat.
Ek breek alle vloeke van misbruik,
vanuit vorige generasies, op my lewe.
Here, was my hande
van alle vorme van misbruik.
Help my om my hande uit te strek, met 'n seën-
wens, om sodoende ander op te beur.
Here, was my mond uit sodat daar geen woorde
meer sal wees wat ander leed kan aandoen nie.
Beveel my lippe om woorde te spreek
van genesing, aanmoediging en seën.
Here, reinig my oë
van alle haatgevulde kyke en intimidasie.
Laat my oë blink van liefde,
vriendelikheid en sagmoedigheid.
God het 'n plan vir my lewe,
'n hoop en 'n toekoms,
'n plan van vooruitgang en van seënwense.
Hy herstel al die jare
wat die duiwel van my gesteel het.
Ek werp my juk op Hom. Die oue is verby,
die nuwe het gekom! Amen!

# SESSIE 7
# VREES

7 VREES

KOP — Wat het jy geleer?

HART — Wat hoor jy by die Heilige Gees?

HAND — Wat kan jy doen met die openbaring wat jy by Heilige Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

2 Timoteus 1:7
1 Johannes 4:18
Johannes 14:27
Handelinge 4:29-30
Hebreërs 13:6
Hebreërs 2:14-15
Lukas 8:50
Romeine 12:21
1 Johannes 4:4
Psalm 23:4
Jesaja 54:17
Haggai 2:4-5
Psalm 91:5
Psalm 118:6
Psalm 1:3
Psalm 91:10-11
Efesiërs 6:16
Galasiërs 3:13
Romeine 8:37
Openbaring 12:11
Jakobus 4:7
Psalm 119:89

## VERKLARING

God het my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing.
God se liefde dryf al my vrese uit.
Ek is 'n deel van die liggaam van Christus en Satan het geen mag oor my nie,
ek het die bose oorwin met goedheid.
Ek is deel van God en ek het Satan oorwin, want groter is Hy wat in my is, as hy wat in die wêreld is.
Ek sal geen onheil vrees nie, want God is met my.
Sy woord en sy gees die vertroos my.
Ek is nie bang vir verdruking nie, en ook nie vir verskrikking nie, want dit sal nie naby my kom nie.
Geen wapen wat teen my gesmee word, sal iets uitrig nie.
Ek is nie bang vir die gevaar in die nag of vir aanvalle oordag nie.
Hy beskut my onder sy vleuels.
Ek sal nie bang wees nie.
Wat kan 'n mens aan my doen?
God laat geregtigheid aan my geskied, wat ek ookal doen, sal suksesvol wees.
Ek is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is.
God sal my red uit die hand van die goddelose wêreld.
Dit is God se wil vir my.
Geen onheil sal my tref nie, of enige plaag naby my kom nie.
God het die engele opdrag gegee aangaande my, hulle sal my in al my doen en late beskerm.
Ek sal altyd bewapen wees met die skild van geloof om al die brandpyle van die bose af te weer.
Christus het my gered van die vloek van die wet.
Ek is 'n oorwinnaar, in Jesus naam!
Ek oorwin deur die bloed van Jesus en my getuienis.
Wanneer ek onderdanig is aan God, sal die duiwel op die vlug slaan.
Omdat die woord van God verewig is in die hemel, daarom sal ek sy woord vestig op aarde.
Vrees, gaan onmiddellik!
Waar liefde is, is daar geen vrees nie.
Ek is 'n persoon met 'n vaste geloof! Amen!

# SESSIE 8
# SWAARMOEDIGHEID EN DEPRESSIE

KOP
Wat het
jy geleer?

HART
Wat hoor jy by
die Heilige Gees?

HAND
Wat kan jy doen
met die openbaring
wat jy by Heilige
Gees gekry het?

## SKRIF VERSE

Esegiël 37:3-10
Psalm 118:17
Psalm 91:2
2 Samuel 22:2
Klaagliedere 3:21-24
Nehemia 8:10
Psalm 91:1
Psalm 147:3
Psalm 23:3
Psalm 126:5
Genesis 50:20
Matteus 11:28-30
1 Petrus 1:8-9
Jesaja 66:12-13
1 Korintiërs 2:16
Jakobus 1:2-3
Efesiërs 3:17-18
Jesaja 61:3
Johannes 11:40-44

## VERKLARING

Ek profeteer oor myself –
Gebeendere, luister na die woord van God:
ek sal lewe en nie sterwe nie!
Ek sal spreek van sy magtige werkinge!
God is my vesting.
Hy is my redding.
Sy genade is nuut, elke dag.
As ek die Here met blydskap dien,
sal Hy my beskerm.
Hy genees my gebroke hart.
Hy verkwik my siel.
Wat ek met trane gesaai het,
sal ek met vreugde oes.
Dit wat die duiwel wou gebruik teen my,
sal God ten goede laat meewerk.
Jesus, ek kom na U toe.
Ek verruil hierdie swaar juk
vir ongekende vreugde.
Ek verruil elke las vir vrede
wat vloei soos 'n waterstroom.
Ek het 'n Goddelike denkwyse.
Ek is volledig, en kom niks kort nie.
Ek is in liefde gewortel en gegrondves.
hoe breed,
hoe lank,
hoe hoog,
Hoe diep is Sy liefde vir my!
Hy gee my 'n sieraad vir as;
vreugde-olie vir treurigheid;
'n gewaad van lof vir 'n verslae gees.
Ek leef!
Ek gooi die begrafniskleed af en stap uit!
Amen!

EVERY NATION
FAITH CITY

Every Nation Faith City is a member of Every Nation, a worldwide family of churches and ministries that exists to honour God by establishing Christ-centered, Spirit-empowered, socially responsible churches and campus ministries in every nation.

Copyright © Every Nation Faith City 2020.
All rights reserved.
www.everynationfaithcity.com